Hy behoort 'n nederige man te wees.—Hy sal op die Here vertrou. Hy sal nie uitsluitlik op sy eie wysheid en oordeel steun, of trag om sy invloed te veel te laat geld op die komitees nie. Hy moenie soseer trag om die komitees te beheers as om hulle van raad te bedien nie. Hy sal die opinies van ander oorweeg en saamwerk met sy mede-beamptes. Hy sal dikwels in die geselskap van die armes en behoeftiges gesien word. Hy sal 'n vriendelike en medelydende hart hê.

Hy behoort 'n taktvolle man te wees.—Sy ore sal oop wees, maar hy sal sy lippe bewaak. Hy sal dinge wat vertrouelik aan hom vertel is, bewaar, en niemand voortrek nie. Hy sal bekend wees met die geaardheid van elke lid, en hy sal trag om vir elkeen sy werk te vind op die sending-program.

Hy behoort 'n goedingeligte man te wees.—Hy moet tred hou met die tye. Hy sal op hoogte wees van die veranderings, en aanpassings in die kerkorganisasie. Hy sal bekend wees met die kerkkalender en die verskillende spesiale dienste, en moet dien-ooreenkomstig reëlings tref. Hy sal bekend wees met die werking van die Sabbatskool-, buurtsending-, en strewersdepartemente van die kerk. Die beamptes sal na hom toe kom om advies, want hy behoort bekend te wees met die pligte van die verskeie departementele leiers.

Hy behoort 'n bekwame man te wees.—Sy bekwaamheid om te organiseer sal seer beproef word. Om al die masjienerie van die kerk behoorlik en glad te laat werk, sal gekonsentreerde pogings verg. Slotdige metodes en onbekwaamheid sal 'n andersins doeltreffende organisasie verander in 'n magtelose mengelmoes. Hy behoort die werking van alle departemente in die kerk goed te verstaan.

Hy behoort 'n man te wees wat studeer.—Hy moet gedurig goeie gedagtes, idees en illustrasies uit alle oorde bymekaar maak. Die Bybel behoort sy werkswinkel te wees liewer as sy skuilplek. Hy moet nooit droogloop nie; hy moet die verkwikkende strome en die groen weivelde ontdek.

„En wie is tot hierdie dinge bekwaam?“ „Ek is tot alles in staat deur Christus wat

sal sy kragte deur sy alledaagse wêreldlike pligte uitgeput word, maar op die Sabbat sal hy moet sorg dat hy krag van omhoog ontvang.

Hy behoort getrou te wees.—Die weeklikse kringloop van dienste, die gedurige besoek van moedlose siele, die gedurige bevordering van sendingwerk, en die oënskynlike mislukking van sommige van sy geliefkoosde planne, sal hom baie uitput, en tensy hy getrou is, sal hy binne 'n paar maande opgee. Hy moet sy pligte beskou as 'n opdrag van die Koning. Geen deeltjie daarvan is onbelangrik en geen poging is te groot vir die persoon wat getrou is nie. Hy is God se man, en die Here moet alles van hom hê wat daar is.

Hy behoort 'n moedige man te wees.—Hy moet „waak vir siele as diegene wat sal rekenskap moet gee.“ Hy sal nie terugdeins vir die onaangename taak om kerk-dissipline toe te pas, of om met siele te arbei wat afgedwaal het nie. Hy sal nie ontmoedig word deur teenstand, of hoogmoedig word as hy gevele word nie. Wanneer alles duister is en daar 'n krisis dreig, sal hy kalm bly en die kudde weglei van die gevaar. Wanneer die doelstelling

my krag gee." „En God het mag om alle genade oor julle oorvloedig te laat wees, sodat julle altyd in alle opsigte volop kan hê en oorvloedig kan wees tot elke goeie werk." (2 Kor. 2:16; Filip. 4:13; 2 Kor. 9:8.)



Die Minister van Opvoeding Besoek Helderberg Kollege

Op Dinsdagmiddag, 16 Augustus, het Mnr. J. H. Hofmeyr, die Minister van Opvoeding, 'n besoek gebring aan die Sewendedag Adventiste Kollege te Helderberg, naby Somerset Wes. Sy moeder het hom vergesel. Nadat hy die geboue ondersoek en werversings geniet het in die Dameskoshuis, het hy die 180 studente toegesprek wat in die Kollegesaal vergader het. Mnr. A. F. Tarr, die Unie-President van die Sewendedag Adventiste Kerk, het Mnr. Hofmeyr voorgestel.

Mnr. J. F. Wright, die Divisie-President, het die Minister verwelkom en gesê dat sy denominasie tans in 374 lande en in 649 tale werksaam is.

Mnr. Hofmeyr het gesê dat sulke byeenkomste hom herinner aan die belangrike mense wat sy skool kom besoek het toe hy 'n seun was. In hulle lang kleed wat agter hulle gesleep het, het hulle die weg aangewys wat die seuns moes volg as hulle 'n sukses van die lewe wou maak, en hulle het aan die hand gegee dat die seuns in hulle voetstaptes sou volg as hulle daardie weg sou inslaan. Hy het gesê dat politikusse gewoonlik nie deur die publiek gewaardeer word volgens hulle eie skatting nie, en hy het 'n hele paar skoolseunfieters ten koste van politikusse aangehaal.

'n Besieling vir die Studente

Hy het diegene wat die opvoedingsinrigting op Helderberg in so 'n kort tydjie opgerig het, geluk gewens, en gesê dat die ligging van die inrigting 'n besieling vir die studente was. Hy het die Westelike Provinsie lief, en meen dat die ligging tipies was van die Westelike Provinsie, en dat diegene wat verantwoordelik was vir die stigting van die inrigting, 'n handjie bygesit het by die natuur. Hy het die hoop uitgesprek dat die studente nie alleen hoogmoedig sou wees op hulle kollege nie, maar dat die kollege ook in die toekoms hoogmoedig op hulle sou wees, want in die jare wat kom sal die kollege geoordeel word volgens die lewens van die studente.

Die Werk Gegronde op die Heilige Skrifte

Daar is sommige aspekte van die werk op Helderberg wat hy admireer, en een daarvan is die toepassing van die leerstelling dat ware opvoeding die opvoeding van die hele man en vrou insluit. Die studente word nie slegs die dinge geleer wat hulle nie ken nie, maar dit is eerder 'n verandering van die persoon—d.w.s. hulle word gemaak wat hulle nie voorheen was nie. Ook

is hy bly dat die opvoeding in daardie inrigting op die Heilige Skrifte berus, en dat daar veral nadruk gelê word op die geestelike. „Ek meen dat daar in hierdie deurmekaar wêreld van ons veiligheid en verlossing is alleen namate ons die geestelike kragte wat in die gewone man skuil, vrystel; en een van ons oogmerke behoort te wees die vrystelling van daardie kragte vir die welsyn van die wêreld as geheel.”

Hy is getref deur die nadruk wat daar op handarbeid gelê word by die kollege. Vir die grootste gedeelte is die inrigting opgerig deur die studente self, en die werk wat daar vandag by die kollege is word ook deur die studente verrig.

Verder het Mnr. Hofmeyr gesê dat hy graag by daardie drie woordjies, geloof, hoop en liefde, ook die woordjie *werk* wil voeg. Hy meen dat samewerking onontbeerlik is vir die sukses van werk, want as mense saamwerk kan hulle groot dinge doen in hierdie wêreld.

Daar is Heerlike Jare Voor

Hy het Sir James Barrie aangehaal wat gesê het: „Daar lê heerlike jare voor as julle verkies om hulle so te maak.” Hy meen nie dat mens skooljare jou beste jare is nie. In mens skooljare berei jy jou voor die heerlike jare wat voorlê; om daardie jare heerlik te maak, wil hy twee dinge aan die hand gee. Eerstens, dit sal werk, inspanning en volharding kos. Dis nie die maklike, aangename dinge wat van die grootste waarde in die lewe is nie. Dis nie die maklike dinge wat genot verskaf nie, maar die swaar dinge van die lewe.

Diens die Grondtoon van Geluk

Die tweede gedagte is, diens en offering; en hy meen dat diens die grondtoon is van ware lewensgeluk. „Die meeste mense verkeer onder die indruk dat daar in hierdie wêreld 'n beperkte hoeveelheid geluk is en dat hulle soveel van daardie geluk moet bekom as moontlik, en die duiwel help die arme drommel wat agter bly. Die mense gryp vandag na wat hulle meen die beperkte geluk is, en in die gestoei vernietig hulle juis die geluk van die mensheid. Dit is deur geluk aan ander te bring dat jy geluk skep. Diens is die ware sleutel tot geluk en sukses in die lewe,” het hy ten besluite gesê.

Na afloop van die verrigtings het Mnr. G. E. Shankel, die prinsipaal van die kollege, 'n boek aan Mnr. Hofmeyr oorhandig, en die damestudente het aan Mev. Hofmeyr 'n pragtige ruiker gegee.—*Ooreeneem uit die „Hottentots Holland Mail” van 20 Augustus 1938.*



Die getal Bybels, Nuwe Testamente en gedeeltes van Bybels wat deur die drie grootste Bybelgenootskappe gedurende die jaar 1936 versprei is, beloop 23,267,181. Hierdie boeke, opmekaar gestapel, sou 'n hoogte bereik van 150,000 voet—vyf keer so hoog as die hoogste bergspits in die wêreld.

Kampdienste in die Samesie-Unie-Sendingveld

J. F. WRIGHT

Op 28 Mei het ek van Kaapstad vertrek op 'n lang tog na die noorde om die broeders in die Samesie-Unie by te staan met hulle kampdienste. Dit is met genoë dat ek aan die lesers van die *OUTLOOK* kan verslag doen van wat ek gesien en gehoor het.

Ons eerste diens is op die Solusi Sentasie gehou. Leraar G. R. Nash het alles mooi agtermekaar gehad vir die dienste, en ons het 'n verkwikkende tyd saam deurgebring. Toe daar geleentheid gegee is vir 'n nuwe toewyding het baie hulle lewens en besittings opnuut aan God toegewy vir die uitbreiding van Sy werk. Baie het getuig dat hulle groot seën ontvang het by die dienste. Ons is oortuig dat die mense huis-toe is om beter lewens te lei en hulle lig nog meer as ooit tevore te laat skyn.

Leraar G. R. Nash, die nuwe superintendent van die Suidelike Rhodesië sendingveld gee goeie leiding, en sy werkers staan hart en siel agter hom vir 'n sterk voorwaartse beweging. Hierdie jaar sal ons gewis 'n vermeerdering van siele sowel as van tiendes en offergawes sien as gevolg van die werk in daardie veld.

Met dagbreek (6:45 v.m.) op 8 Junie, het Leraar J. R. Campbell en ek vertrek na Liumba Hill in Barotseland, met die vliegtuig van Mnr. Spencer. Binne drie en 'n kwartuur het ons die afstand van 320 myl (vlieg myle) afgelê. Ons het net in tyd vir ontbyt by die sendingstasie aangekom waar Broeder en Suster Wheeler gevestig is. Onder gewone omstandighede sou die rit per rivierbootjie met die Samesie op ons ten minste een-en-twintig dae geneem het; ons het dit egter binne drie en 'n kwartuur afgelê! Om die minste te sê, het dit ons baie tyd en onkoste bespaar.

Ons het Broeder en Suster Wheeler volmoed aangetref. Hulle het alles mooi gereël gehad vir die dienste en daar was 'n geestelike feesmaal vir die gelowiges wat opgekom het. Baie het vir die eerste keer die Here Jesus aangeneem en daar was 'n groot aantal uit die doopklasse gedoop. Suster Wheeler doen uitstekende werk vir die meide en jongmeidjies. Wat ons van die dienste op Liumba Hill gesê het, geld ook van die dienste wat ons op die ander twee stasies in die gebied gehou het, naamlik die Sitote en Tapo sendingstasies, wat laer langs die rivier af geleë is.

Vandaar is ons na die Katimo Mulilo Sendingstasie wat langs die Samesierivier geleë is. Leraar N. C. Stuart is in bevel van hierdie stasie. Hier, soos ook op ander plekke, het ons 'n ernstige begeerte onder die natuurlike gelowiges bespeur om nader aan die Here te kom en om beter en hulpvaardiger lewens in hulle statte te lei. Veral is daar 'n begeerte om hulle huislike lewe te verbeter. Ons besef dat ons die

naturelle op 'n hoër geestelike peil kan bring alleen namate ons hulle ophef wat betref hulle huislike lewe. Broeder en Suster Stuart doen baie in hierdie opsig vir die naturelle, en ons weet dat die Here hulle pogings sal seën.

Nadat ons vir 'n hele maand in Noordelike Rhodesië rondgereis het in verband met die dienste in Barotseland en die stasies langs die rivier, het ons die trein geneem na die Suidelike Kongo.

Ons dienste op die Katanga en Songa Sendingstasies het groot invloed uitgeoefen. Dit is wonderbaarlik om te sien wat die Here vir die mense in hierdie deel van die Divisie doen. Orals het ons gesênde dienste gehou. Die mense het die Here kom soek met hulle hele hart en hulle is nie teleurgestel nie.

In die afwesigheid van Broeder J. G. Siepman, die superintendent van die Suidelike Kongo Sendingveld, het Broeder G. Hiten reëlings getref vir die dienste. Dit was 'n genot vir Broeder Campbell en vir my om diegene te bedien wat opgekom het. Ons is bemoedig deur die resultate wat behaal is.

Op die Songa Sendingstasie het ons Dr. Rouhe weer ontmoet, asook Suster Hiten en Verpleegster Delhove. Daar word sterk mediese werk op hierdie stasie gedoen. Die naturelle het alle vertroue in Dr. Rouhe en Verpleegster Delhove; hulle kom soms baie ver vir behandeling. Die Leprose Gestig maak ook goeie vordering. Tans is daar sowat 130 melaatse onder behandeling; die plan bestaan om die gestig uit te brei om ten minste 300 pasiente op te neem.

Die regeringsbeëmptes gee aan Dr. Rouhe dieselfde steun as wat hulle aan Dr. Morel gegee het. Hulle is baie tevrede met die dienste wat daar verrig word, en het Dr. Rouhe verseker van hulle volle ondersteuning. Daar is dus goeie vooruitsigte vir hierdie stasie. Ons is bly dat Broeder George Hiten goeie leiding gee in die opleidingskool, en ons hoop om in die nabye toekoms meer werkers in hierdie veld te plaas.

Na afloop van die dienste in die Suidelike Kongo, is ons na Noordelike Rhodesië om Leraar Mote en sy medewerkers te help. Die werk gaan baie mooi vooruit in hierdie deel van die Unie. Die werkers daar doen alles in hulle vermoë om die werk aan te druk. Terwyl ons daar was, het die skool op Rusanga sy nuwe skooljaar begin. Daar was meer studente as hulle plek voor gehad het. Voordat ons kampdienste op Rusanga 'n aanvang geneem het, is daar konvensies gehou vir die vaders en moeders. Ons verneem dat hierdie konvensies 'n baie groot seën was vir diegene wat hulle bygewoon het.

Waar ons so terugkyk oor die twaalf weke wat ons in die Sambesi Unie deurbring het, voel ons gedwonge om die Here hartlik te bedank vir wat ons gesien en gehoor het. Leraar Campbell en sy medewerkers is vasbeslote om voorwaarts te gaan met die werk.

'n Besoek aan die Kerke in die Kaapse Veld

J. N. DE BEER

Ek het onlangs die voorreg gehad om ons kerke van die Kaapse Veld op Port Elizabeth, Uitenhage en George te besoek, en dit is met genoë dat ek kan sê dat al die lede vol moed is en ook deelneem aan die werk van die Here. Hulle is nou besig om diegene te bearbei wie se belangstelling gaande gemaak is tydens die Oesinsamelevingsveldtog.

Doopdiens te Port Elizabeth

Dit is veral bemoedigend om die belangstelling en bedrywigheid in die werk van die Here te sien wat daar aan die dag gelê word deur die lede op Port Elizabeth. As gevolg van hulle gesamentlike pogings, asook die van Broeder K. Landers, die leier van die werk aldaar, is daar 'n aantal siele vir die Here gewin. Ek het vyftien kandidate in die doopklas aangetref, en na hulle ondersoek is, is daar bevind dat tien vir die bediening van die doop bereid was. Hierdie siele is gedoop en by die kerk toegevoeg.

Verplasing van Werkers

Ten uitvoering van die besluit van die Komitee van die Kaapse Veld, is Broeder Landers versoek om na Johannesburg te vertrek om die werk oor te neem wat Leraar Abner daar vir die afgelope twee jaar behartig het. Broeder Gold Theunissen sal die werk op Port Elizabeth gaan waarneem. Ons voel dat die werk onder leiding van hierdie twee broeders, bygestaan deur die gemeentelede op hierdie twee plekke, steeds sal uitbrei. U voorbedding word vir hulle gevra.

Die Werk van 'n Afgeleë Lid

Ek het ook Suster Manho op Heidelberg besoek. Hoewel sy maar seld ander medegelowiges sien, is hierdie suster baie moedig en sy doen veel om die waarheid te versprei in haar hoekie van die Here se wingerd. Sy neem gereëld 'n klub *Tekens* wat sy elke maand verkoop. 'n Hele paar mense stel reeds belang in die waarheid as gevolg van haar werk.

Mense wat op hierdie wyse vir die Here werk, sal altyd sterk in die geloof wees. Ons lees in die „Testimonies for the Church,” Deel VII, bladsy 19, die volgende woorde: „Die grootste hulp wat daar aan ons mense gegee kan word, is om hulle te leer om vir God te werk, op Hom te vertrou en nie op die predikante nie.” Baie van die afgeleë lede in ons veld besef dat die verantwoordelikheid op hulle rus om die waarheid bekend te maak waar hulle woon. Ons doen 'n beroep op almal om klubs *Signs of Tekens* te bestel en hierdie goeie tydskrifte te verkoop in die dorpe en distrikte waar hulle woonagtig is.

Doopdiens in die Soutrievierse Kerk

'n Rukkie gelede is daar 'n doopdiens in die Soutrievierse kerk gehou, by watter ge-

(Vervolg op bladsy 3)

Obituaries

DETTE.—Charles Dette, aged 62 years, passed away at his home on August 1, 1938. We regret to announce the death of our brother. His passing has lost us a wise counsellor, and a good father has been removed from his home.

Elder D. May knew the late Brother Dette as many as thirty years ago, but it is only fifteen years since, as the result of personal work and public meetings conducted by Elder May, he and his family accepted the message. A little while after accepting the truth for this age Brother Dette joined the Sentinel Publishing Company and worked there until he became ill, about eighteen months before his death. He was a member of the Cape Field Committee for several years and served as treasurer to the Elsie's River church for many years. His leadership was sound and his loyalty was exemplary.

Elders Moffitt, De Beer, and D. May spoke words of consolation to the family and encouraged the churches to follow the good example set them by our brother. A service was held at the church at Elsie's River before the interment.

How cheering the sweetly familiar words of the Advent hope sounded as we took solace to our hearts from the Scriptures and the Spirit of prophecy.

To Sister Dette, her five sons and four daughters, we extend our deepest sympathy, and bid them be faithful so that they may meet the appointment God has made for them on the resurrection morning.

ALF. G. KOHEN.

BARTLETT.—Elizabeth, Rebecca Bartlett, aged twenty years, died July 27, 1938. Elizabeth was the foster daughter of Brother and Sister Thoka of Kensington, who accepted the truth at the time of Elder Abney's effort in Kensington in 1932. Elizabeth was not at home at the time of the effort, but when she returned to the Cape she accepted the message and was baptised three years ago. Her parents miss her for she was a good-living girl and loved her church and religion. As we remembered her wasted form we called to mind the words of Ezekiel 37:13, 14, 5, 6, and said farewell in these words:

“When the morn of glory breaking,
Shall light the tomb,
Beautiful will be thy waking,
In fadeless bloom.”

ALF. G. KOHEN.

In Memoriam

ANSLEY.—In loving memory of Lily, the dearly-loved wife of George Ansley, who fell asleep at Kimberley, on August 26, 1937.

“Until the day breaks, and the shadows flee away.”

Cape Field

J. N. de Beer, Superintendent

The Work Progresses

J. N. DE BEER

A Visit to the Churches

THE writer had the privilege of visiting our churches in the Cape Field located at Port Elizabeth, Uitenhage, and George, and is pleased to report that the members of these churches are of good courage and taking an active part in the work of the Lord. They are now following up the interests found and created during the Harvest Ingathering Campaign.

Baptism at Port Elizabeth

It was especially gratifying to note the interest and activity manifest by our members at Port Elizabeth in soul-saving work. As a result of their united efforts combined with the help of Brother K. Landers, the church leader, a number of souls have been won for Christ. There were fifteen candidates in the baptismal class, and after examination it was found that ten were prepared to take the step. It was indeed encouraging to see these dear souls being buried with their Lord and uniting with the church. The Holy Spirit was present at the service and it was evident that all received a rich blessing.

Transfer of Workers

In harmony with an action taken by the Cape Field Committee, after having thus bound off his work at Port Elizabeth, Brother Landers left for Johannesburg to take over the work Pastor Abney has been carrying for the past two years. Brother Gold Theunissen is taking over the work at Port Elizabeth. We feel sure that with the efforts and leadership of these two young men and the full co-operation of the members in these important centres, the work will continue to make the progress that was seen during the last two years. Remember them in your prayers.

A Working Isolated Member

I also visited Sister Manho at Heidelberg. Although seldom seeing others of like precious faith, this sister is of good courage and doing much in spreading the truth in her corner of the Lord's vineyard. She takes a regular club of *Tekens van die Tye* and these papers she sells each month. As a result of this work many are becoming interested in the message.

One who thus works for the Lord will always remain strong in the faith. No wonder that we are told in "Testimonies for the Church," (Vol. 7, page 19) that "the greatest help that can be given our people is to teach them to work for God, and to depend on Him, not on the ministers." May every isolated member in the field realise that it is his responsibility to

make known the truth where he lives. We would urge everyone to take a club of *Signs or Tekens* and sell these splendid periodicals to the people in their towns and districts.

Baptism in Salt River Church

A few days ago members of our churches in the Cape Peninsula and Stellenbosch met together in the Salt River church to witness the baptism of nine candidates. Six of these are from Stellenbosch and were won to the truth as a result of Brethren W. Marais and Gold Theunissen's work in that town. Three are from Athlone and were led to accept the message by the efforts of lay members. It gave us great joy to see these souls, the fruit of labours bestowed by both workers and lay members, going forward in baptism.

Die Weg tot Christus

ALMAL wat graag 'n oorwinnende lewe wil lei, behoort in besit van hierdie boekie te wees. Dit behandel die praktiese sy van die Christelike lewe en sal u met nuwe moed en hoop en krag vir die lewe besiel.

Die eerste druk is reeds uitverkoop. Daar is boeiende hoofstukke oor die volgende onderwerpe: Die Hopeloosheid van die Mens se Pogings; Nie Deur die Werke van die Wet nie; Waarlik Vry; Is Dit Swaar om Goed te Wees; Die Oorvloedige Genade van God; Die Ou Mens; Daelikse Oorgawe; Volmaak in Hom; Die Heerlike Vrugte van Geregtigheid.

Die boekie is stewig gebind in sierlike papier omslag; dit is ryklik geïllustreer met pragtige prente en beslaan 128 bladsye.

Prys slegs 1/6, vry oor die pos.

Bestel by

SENTINEL-UITGEWERS-
MAATSKAPPY

Posbus 6, Claremont, K. P.

Baptism in Johannesburg

We are also happy to report that a baptism took place in Johannesburg on July 30 when seven souls were buried with their Lord by Pastor Abney.

As a result of the faithful labours of Pastor Abney and our lay members, there has been a steady growth in our church membership on the Rand during the past two years.

A Farewell

A few days ago a farewell gathering was held in the Forrester's Hall at Salt River to bid good-bye to Pastor and Sister Abney and Celia, their daughter, who were booked to leave our shores on August 19, for America. A large number of our members and other friends were present and a very interesting programme was carried out.

Every speaker paid tribute to the splendid work Brother Abney has done in our midst during the past seven years, and rightly so, for many are rejoicing in the message as a result of our brother's labours, and the family have endeared themselves to us all. We were made sad by the thought of their leaving us, and wished they might return after a term of furlough in the United States. However, should it not be in God's plan for them to return, we know we will meet again when Jesus comes, if we remain faithful.

That every member in our field might prove faithful to the trust which the Lord has committed to us, is my prayer.

• •

"Review and Herald"

WHAT do you do with your *Review and Herald* after you have read it? Do you pass it on to some church member who cannot afford to subscribe, or does it lie idle?

A request has come to the editor of the *OUTLOOK* for a complete set of 1937 *Reviews*. These are required by an isolated member who is willing to pay for them. The same person would like to obtain 1938 papers as well, so if anyone is willing to send theirs regularly the recipient will be glad to pay postage.

Interested persons are invited to write to the editor, SOUTHERN AFRICAN DIVISION *OUTLOOK*, P. O. Box 6, Claremont, Cape.

• •

For Sale

EDISON-DICK Portable Rotary Mimeograph (duplicating machine), complete with styli, screen plates for shading, instruction book, etc. Good as new. £10 or nearest offer. Apply: S. W. Palmer, Nokuphila Hospital, Western Native Township, Johannesburg, Tvl.

• •

Situation Vacant

WANTED, by young widowed lady, a refined lady as companion. Will be allowed to observe Sabbath. Apply: Mrs. J. van Rensburg, Alwyns Kop, Philippolis, O.F.S.

The Southern

African Division Outlook

Published semi-monthly by the
General Conference of Seventh-day Adventists
(Southern African Division)

Grove Avenue, Claremont, Cape

Subscription price, 2/6 per annum

MRS. F. VISSER, Jr. _____ Editor
MILTON ROBISON _____ Asst. Editor

P. O. Box 6, Claremont, Cape

